

Sing vooraf staande: Psalm 122:1, 2 (p. 610)

- 1 Ek was verheug toe die geluid / weerklink het bo die ruimtes uit:
Kom, laat ons optrek hiervandaan, / om na die HEER se huis te gaan!
O heil'ge stad, gelukkige oord, / ons voete staan nou in jou poort!
Jerusalem, waar al die stamme / op Gods bevel hul feesdag hou,
Jerusalem is goed gebou / en glinster in die son se vlamme.
- 2 Daar staan die Dawidstroon gestig – / 'n regterstoel vir die gerig.
Gelukkig hy wat jou bemin, / wat juigend gaan jou poorte in
en bid dat vrede lank mag duur / in jou paleis en vestingmuur.
Om vriende en broers soek ek jou vrede; / en om Gods huis, my hoogste skat,
soek ek vir jou die goeie, o stad, / wat skoonste is van alle stede.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Skrifberyming 2-2:1, 3 (34:1, 3)

- 1 Die HEER is God, 'n eenge HEER; / die HEER is God, en niemand meer. / Erken dit, alle volke,
van waar die sonlig smôrens blink / tot waar dit in die purper sink / van sagdeurglansde wolke.
Die HEER is God, want Hy formeer / die dag en nag wat wend en keer / na sy verordeninge.
Hy bring die heil en onheil voort, / hul luister na sy almagswoord – / die HEER doen al die dinge.
- 3 Wee hom wat met sy Maker twis, / wat, waar hy net 'n potskerf is, / Gods weg met hom gewraak het!
'n Erdewerk, 'n nietigheid, / kan dit sy Maker ooit verwyf / dat Hy hom so gemaak het?
Maar nee, ons buig ootmoedig neer; / ons wil die hoë hande eer / wat ons so toeberei het,
ons in die hande altyd stel, / as kinders, HEER, die werk vertel / waardeur U ons verbly het.

Gebed

Skrifberyming 15-1:1, 2, 4

- 1 Ek buig voor God die Vader biddend neer, / voor Hom deur Wie gelowiges mag lewe:
dié reeds verhoog, in hemele verhewe, / en dié wat nog in aardse tyd verkeer.
- 2 Mag God nou deur sy Gees in julle werk, / jul uit sy ryke heerlikheid bekragtig
sodat in julle woon die Christus magtig / en jul in liefde vasstaan, stewig, sterk.
- 4 Aan Hom wat kragtiger in ons kan werk / as wat ons bid of dink – aan Hom, die Here,
bring ons in Christus ewig, ewig ere! / Amen! Aan Hóm die ere in die kerk!

Skriflesing: Efesiërs 4:1-16; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 28

Kernvers: Efesiërs 4:1-3, 11-12

Ek druk julle dit op die hart, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het. Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe. (Efesiërs 4:1-3 AFR83)

En dit is die “gawes” wat Hy “gegees het”: apostels, profete, evangelis-te, en herders en leraars. Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus. (Efesiërs 4:11-12 AFR83)

Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 28: Elkeen is verplig om by die ware kerk aan te sluit

Ons glo – aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van hulle wat verlos word en daarbuite geen saligheid is nie – dat niemand, wat sy stand en status ook al is, hom in selftevredenheid van hierdie vergadering afsydig mag hou nie; intendeel, almal is verplig om daarby aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal – as lede van een en dieselfde liggaam – aan sy leer en tug te onderwerp, die nek onder die juk van Jesus Christus te buig en volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het, die broers in die opbou van hulle geloof te dien. En om dit beter te kan doen, is dit volgens die Woord van God die plig van alle gelowiges om hulle af te skei van hulle wat nie aan die kerk behoort nie, en hulle by dié vergadering aan te sluit, waar God dit ook al gevestig het, selfs al sou regerings en wette van regeerders daarteen wees en daarvoor die dood- of lyfstraf oplê. Daarom handel almal wat hulle van hierdie ware kerk afskei of nie daarby aansluit nie, in stryd met die bevel van God.

Ps 5:6; 22:23; Efes 4:12; Heb 2:12; Matt 24:28; Jes 49:22; 52:11-12; Hand 4:17, 19; Heb 10:25; Open 17:2; Hand 17:7; 18:13.

Tema: Met die kerk roep en hou God ons in gemeenskap met Christus

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, vir baie sogenaamde bevryde Christene stuit hierdie woorde wat ons aan die einde van Artikel 28 bely teen die bors. Daar is vele Christene en mense wat hulleself Christene noem, wat hulle van die kerk afskei. Maar dit is nie 'n nuwe neiging onder die mense nie. Trouens, daar is werklik maar min dinge wat regtig nuut en vars is in hierdie wêreld. Hierdie woorde van Artikel 28 is nie net teen die dwalings van die Roomse Kerk gedurende die Reformasie bely nie, maar ook teen baie van die ander sogenaamde Christene.

Gedurende die Reformasie was dit nie net die Christene wat werklik wou terugkeer na die Woord van God wat hulle van die Roomse Kerk afgeskei het nie. Toe die Reformasie op dreef was, was daar baie ander mense wat ook uit die Roomse Kerk padgegee het, maar hulle het hulleself nie by die Protestantse kerke gevoeg nie. Hulle wou maar Christene op hulle eie wees. En waar hulle wel in groepe bymekaargekom het, wou hulle niks daarvan weet om in 'n kerk met orde te organiseer nie. Hulle het gemeen dat wanneer hulle weer in 'n kerk met orde organiseer, keer hulle terug na die Roomse manier van doen waarvan hulle juis ontslae wou raak.

Daarom bely ons: ***niemand mag, wat sy stand of status ook al is, homself in selftevredenheid van die kerk afsydig hou nie.*** Ons bely ook hoekom ons so sê: ***aangesien die kerk, hierdie heilige vergadering 'n versameling is van hulle wat verlos word en daarbuite geen saligheid is nie.*** Vir die mense wat nie vrede en rus met hierdie woorde van Artikel 28 kan en wil vind nie, klink die rede hoekom hulle nie afsydig van die kerk mag wees nie, verwaand. Vir hulle klink dit, en so wil hulle die ware kerk dan ook beskuldig, asof die mens se saligheid van die kerk afhanklik is. Maar dit was die siening van die Roomse Kerk. Gedurende die Reformasie het die Roomse Kerk almal wat hulle van die Roomse Kerk afgeskei het as verlore beskou omdat daar buite die kerk geen saligheid is nie.

Maar agter die Roomse Kerk se siening is die oortuiging dat die pous of priester die kerk is. Daarom kan hulle sê: Waar die pous of die priester is, daar is die kerk ook. Verder is hulle daarvan oortuig dat die kerk, of die pous en priester dan, die genade aan die lidmate uitdeel, so asof die pous en die priester oor die Here se genade beskikking het. En as die lidmate nie die genade uit die hand van die pous en die priester ontvang nie, is hulle verlore.

Geliefdes, as ons gereformeerdes bely dat daar buite die kerk geen saligheid is nie, bedoel ons nie dieselfde as die Roomse Kerk nie. Artikel 28 staan nie los van die vorige Artikel nie. Wat ons hier

bely, hou verband met die vorige Artikel. Ons het verlede Sondag gehoor dat dit nie mense is of selfs nie die kerk is wat die grens van die kerk kan of mag bepaal nie. Jesus Christus is die grens van die kerk. Hy is immers die ingang vir sy skape. Net daar waar waarlik in Christus geglo word, is die kerk. Dit wil sê, net die mense wat hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees, is die kerk. So vorm Jesus Christus die grens van die kerk. Maar aangesien die Here Jesus sy kerk met sy Woord en Gees vergader, beteken dit ook dat die grens van die kerk getrek word waar Christus as die enigste en volmaakte Verlosser verkondig word.

Die mense wat dus nie waarlik in Christus glo nie, kan nie kerk wees nie. En waar Christus nie as die enigste Verlosser verkondig word nie, is daardie mense nog buite die grense van Christus se kerk. Hulle verwag nie hulle saligheid in Jesus Christus nie, want hulle hoor nie die verkondiging van Jesus Christus as die gekruisigde nie. Jesus Christus is ons enigste saligheid. Die mense wat dit nie hoor nie en nie glo nie, deel nog nie in die saligheid nie, maar is buite die saligheid. Daarom glo en bely ons dat daar buite die kerk van die Here geen saligheid is nie.

Dit is juis om hierdie rede dat ons bely: ***almal is verplig om by die kerk aan te sluit en hulle daarmee te verenig***. Dit is nie mense wat sê dat gelowiges verplig is om hulle met die kerk te verenig nie. Geen mens of vergadering kan 'n gelowige se gewete bind met 'n bevel nie. Dit is alleen die Here wat aan mense 'n bevel kan gee wat hulle moet gehoor-saam. As ons bely dat almal verplig is om hulle met die kerk te verenig, verwoord ons maar alleen die bevel wat Christus en sy Vader self gegee het. Ons hoor hierdie bevel juis in die brief aan die Efesiërs, God se ewige Woord wat ook vir almal vandag steeds geld.

In die eerste drie hoofstukke van die brief aan die Efesiërs verkondig Paulus die evangelie van Jesus Christus. Daarin hoor ons hoe en dat ons deur Jesus Christus alleen verlos is. Ons is vrygekoop van die oorheersing van die Satan en ons eie sondes, verseël met die Heilige Gees as die eiendom van God die Vader, want Hy het ons voor die grondlegging van die wêreld al uitverkies. Nou volg daar op die verkondiging van die evangelie se beloftes en genade ook die eise van die evangelie. 'n Mens kan tog nie die beloftes en genade van die evangelie aanvaar, maar die eise van die evangelie, wat daarmee saamhang, verontagsaam nie.

Wat Paulus dan vanaf hoofstuk 4 nog verder skryf, is nie maar om net van kennis te neem nie. Dit is nie maar net ietsie waarop die Heilige Gees ons aandag wil vestig nie. Hierdie laaste drie hoofstukke is inderdaad die eise van die evangelie – bevele wat Jesus Christus en sy Vader tot ons rig. 'n Duideliker vertaling van Efesiërs 4:1 is dus: *Ek vermaan julle dan om te wandel ooreenkomstig die roeping wat julle van God ontvang het*. Hierdie vermaning strek oor die hele lewe van gelowige, oor sy kerklike lewe, oor sy huwelik, oor sy gesprekke en oor sy verhoudings met ander mense.

Om beter te begryp wat ons in Artikel 28 bely, gaan ons hoor wat die Here se bevel in verband met ons kerklike lewe is. Om die geloof in Jesus Christus in ons kerklike lewe sigbaar te maak, sê Paulus: *Handhaaf die eenheid wat die Heilige Gees tussen julle gesmee het!* (Efes 4:3). Hierdie eenheid bestaan daarin dat God alle gelowiges net op een manier vryspreek, naamlik deur middel van die geloof in Jesus Christus. Daar is immers net een Verlosser, die Mens Jesus Christus, die Seun van die lewende God. Daarom kan daar net een ware geloof wees, die geloof wat die een Gees in die harte van al die gelowiges werk. Omdat God aan al sy kinders dieselfde saligheid in sy enigste Seun gee, beteken dit dat Hy hulle almal in een kerk saamvoeg. Sy kinders hoort bymekaar soos skape in 'n kudde bymekaar hoort onder die beskerming van hulle goeie Herder.

Die eenheid is dus reeds in die kerk onder die gelowiges, want die Heilige Gees het dit tot stand gebring deur die geloof. Ons mense moet nou net hierdie eenheid handhaaf. Dit beteken dat almal wat die kerk raaksien, in die lewe van die kerk moet kan sien dat daar net een God en Vader is en net een Verlosser, Christus Jesus die Here.

Hoekom verplig God sy kinders om hulle almal met die kerk te verenig? Ons bely die doel van die Here se bevel met hierdie woorde: **om die eenheid van die kerk te bewaar**. Die Here verplig elke gelowige om in die kerk te wees, want met die kerk se lewe wil die Here aan elke mens op aarde wys dat Hy alleen God is en dat Hy sy enigste Seun na hierdie wêreld gestuur het om mense van hulle sondes te verlos.

Nou wys die Heilige Gees ook die metode aan om die eenheid te handhaaf. Hy sê: *Handhaaf die eenheid deur in vrede met mekaar saam te lewe* (Efes 4:3). Die vrede waarmee ons met mekaar moet saam lewe, is nie die soort vrede waarmee die wêreldse mense te koop loop nie. Wêreldse vrede is maar net 'n wapenstilstand, want die oorsaak van die onvrede broei nog steeds in die harte van die mense. Nee, Bybelse vrede beteken dat die oorsaak van onvrede weggeneem is deur Jesus Christus se offer aan die kruis. Met Christus se bloed het God vrede tot stand gebring tussen Homself en die mense. Die vrede waarin ons met mekaar moet saam lewe, gaan dus ook offers vereis sodat die eenheid gehandhaaf kan word.

Broers, susters en kinders, die offers wat vereis word is egter nie so groot dat ons dit nooit sal kan doen nie. Die Heilige Gees smee mos die eenheid tussen die gelowiges. Die-selfde Heilige Gees woon in elkeen van God se kinders in die hele kerk. En dit is dieselfde Heilige Gees wat sê hoedanige offers daar verlang word om in vrede met mekaar te lewe. Dit is beskeidenheid, vriendelikheid, geduld en liefde.

Om beskeie te wees is om nederig te wees. Jy sien jouself dan soos wat God jou sien, naamlik 'n sondaar wat net deur God se genade gered is. Geen mens staan op 'n hoër trappie as 'n ander een om op hom of haar neer te sien nie. Alle gelowiges is immers deur een en dieselfde offer van Christus verlos. Christus het nie vir die een 'n bietjie meer gely as vir 'n ander een nie. Omdat jy nederig is, ag jy die ander in die kerk se belange altyd hoër as jou eie.

Jy is ook vriendelik, of eerder sagmoedig. Iemand wat sagmoedig is, staan nie op sy regte nie. Hy skouer nie sy pad oop om sy punt te stel nie. Hy dryf ook nie sy standpunt deur ten koste van ander mense en hulle standpunte nie. 'n Sagmoedige mens onderwerp hom aan die wil en heerskappy van Koning Jesus. En indien sy standpunt in stryd is met die wil van God, sien hy van sy eie wil af en gehoorsaam die Here. Indien sy standpunt met die wil van God ooreenstem, verhef hy homself nie, maar bly steeds nederig. Dit is immers net deur die Heilige Gees se werking dat sy standpunt met God se wil ooreenstem.

'n Derde offer om in vrede met mekaar saam te lewe, is geduld. Iemand wat geduldig of lankmoedig is, is stadig om kwaad te word. Selfs al verskil jou broer of suster se standpunt radikaal van joune of al verskil hulle standpunt totaal van die Here se wil, gaan 'n mens steeds nie kwaad word nie. Jy is mos ook sagmoedig. Daarom gaan jy eerder weer met 'n gees van sagmoedigheid die Here se wil bekend maak sodat julle almal met die Here se wil sal ooreenstem.

Wie sulke offers bring, ja, wie homself en sy eie wil en begeertes so offer, sal in staat wees om sy broers en susters in liefde te verdra. Verdra beteken nie verduur nie. Verduur beteken dat ek jou nou maar uitstaan omdat ek nie anders kan nie. Wie egter sy medegelowige in liefde verdra, het rustigheid in sy hart dat al God se kinders nie eenders is nie. Maar omdat die een en dieselfde Gees in ons almal aan die werk is met die een geloof in die een Here, kan ons mekaar liefhê – so liefhê dat ons die eenheid wil bewaar wat die Heilige Gees tussen ons gesmee het.

Die Here verplig almal om met die kerk te verenig sodat almal die eenheid van kerk kan bewaar. Ons bely op grond van die Here se bevel in Efesiërs hoe ons dit gaan doen: **deur ons almal aan die leer en tug van die kerk te onderwerp, ons nek onder die juk van Jesus Christus te buig en ons**

medegelowiges op te bou in die geloof met die gawes wat God aan ons elkeen gegee het.

Daarom, geliefdes, moet daar mense wees wat die leer en tug van die kerk verstaan, wat Jesus Christus se heerskappy en gesag aan die gelowiges kan bedien en wat leiding kan gee oor hoe gelowiges mekaar in die geloof moet opbou. Vir hierdie doel het Christus nie net aan al die gelowiges gawes uitgedeel nie, maar Hy gee ook mense as gawes: sommige as apostels, ander as profete, of evangeliste, en herders en leraars. Aan hierdie mense het Christus die gawes gegee om sy gesag aan die gelowiges te bedien en om hulle toe te rus vir hulle dienswerk.

Die voorgangers in die kerk – die ouderlinge, predikante en diakens – is Christus se diensknegte wat Hy aan sy kerk gee. Aan hulle dra Hy op om die lidmate toe te rus sodat hulle almal die offers kan bring. Met die offers wat die lidmate vir die Here en vir mekaar bring, is hulle besig om te bou aan die liggaam van Christus, sodat almal tot die werklike eenheid in die geloof en die kennis van die Seun van God kan kom. Dan gebeur wat God met die vergadering van die gelowiges in een kerk bedoel het. Met die eenheid wat deur die gelowiges gehandhaaf word, verkondig die Heilige Gees deur ons dat daar net een God en Vader is en dat daar net een Verlosser, Jesus Christus, is.

Geliefdes, as ons hoor wat God se bedoeling is wanneer Hy alle gelowiges verplig om in die kerk verenig te wees, kan ons nie anders as om te bely dat dit teen God se wil is as ons afsydig van die kerk sou bly of ons van die kerk sou afskei. Ons doen nie net vir God daardeur oneer aan nie, maar beroof onself van die genade en saligheid wat net in die kerk van die Here is omdat Jesus Christus daar as die gekruisigde verkondig word.

Amen!

Slotgebed

Psalm 133:1, 2 (p. 650)

- 1 Hoe goed is dit – 'n huis vol lieflikhede! – / dat broeders woon in onverstoorb're vrede.
Soos salf wat kunstig toeberei, / om Arons hoof 'n sagte geur versprei,
sy baard oordrup en heil'ge kleed deurtrek – / so sal die liefde liefde wek.
- 2 Dis soos die dou van Hermon, ryk nes reën,
op Sions berg: die HEER gebied die seën,
die lewe tot in ewigheid.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
14 April 2013